Vriend

Les 6: Vriend van jouself

Doel: Om vir kinders te laat besef dat jy jou self ook moet liefhê deur te besef hoe wonderlik jy in die oë van God is en dat jy daarna die gebod kan uitvoer nl. jou naaste lief te hê soos jouself.

Partytjie:

Ons dink dis nodig om vir die kinders 'n ervaring te skep dat hulle spesiaal is en die beste manier om so 'n ervaring vir die kinders te gee is om vir hulle 'n verjaarsdagpartytjie te gee.
Laat die kinders deelneem aan die les deur te sê wat 'n mens als nodig het vir 'n partytjie.

1. Koek

Koek bestanddele: Meel, suiker, eiers, olie, bakpoeier, melk, sout, geursel

Watter soorte koek kry 'n mens. (sjokolade, lemoen, pienk, plaatkoek, wortel, vla koek, kaaskoek, patatkoek, klapperkoek.) Net soos 'n mens verskillende geure vir koeke kry, kry mens ook verskillende mense. Maar al verskil die koeke se geure word almal steeds 'n koek genoem. Almal van ons is ook nie dieselfde nie maar ons is almal kosbaar vir die Here.

Kom ons kyk na 3 dinge wat ons as mense uniek maak:
Hare Matteus 10:30
Vingerafdrukke. Ps. 139
Oogkleur

2. Kersies

Kersies herinner ons dat wat ons spesiaal maak, is dat ons die Gees Van God by ons het. Lees Hand 2:1-3.

3. Ballonne

Balonne herinner ons dat die Asem van God in ons ingeblaas is: Gen.2:7

4. Koeldank:

Wie weet hoe groot die persentasie water is waaruit ons liggaam bestaan? 60%
Daarom is dit so belangrik dat ons gereeld vloeistowwe drink dat ons nie dehidreer (ons liggame uitdroog) nie. Die koeldrank herinner ons dat die Here die lewende water in ons kan wees. Johannes 7:37-38

Liedjie:

Op 'n verjaasrdagpartytjie sing ons mos graag vir die maatjie wat verjaar. Kom ons sing nou ons eie liedjie vir Jesus op die wysie van "Happy Birthday" Ons gebruik die woorde uit Psalm 8

Ps. 8 op die wysie van happy birthday:
Wie is ons vir die Heer
Wie is ons vir die Heer
Ons is amper engele
Ja, Hy kroon ons met eer
Vers 2
Wie is ons vir die Heer
Wie is ons vir die Heer
Ons is amper engele
Die Here is by jou

Kom ons hou nou die partytjie en dink daaraan hoe spesiaal ons vir die Here is!

Aktiwiteit:

Vingerafdrukke aktiwiteite (bl 7)

SEFANJA 3:17B

Hy is vol vreugde oor jou, Hy is stil-tevrede in sy liefde. Hy jubel en juig oor jou.

Sendingreis na Kusamala

Ons gaan na Kusamala, Mosambiek, reis (as jy wil, kan jy eerder jou gemeente se sendelinge se inligting gee). Maak vir elke kind 'n paspoort en kry klein 'stickers' wat in die blokkies hieronder sal pas. Berei 4 stasies voor vir die reis. As die kinders daar aankom, wys vir hulle fotos van Mosambiek en Kusamala op powerpoint (google die prente) en vertel hulle hoe Kusamala begin het. Laat die kinders 'n foto van hulself saambring vir die les om in hul paspoorte te plak. Wys vir hulle waar Mosambiek is op 'n wêreldkaart. 'n Vliegtuigkaartjie kan gemaak word om speel-speel Mosambiek toe te vlieg en daar die sendingreis te doen (vb bl 9).

Begin dan die reis:

1. Berei vir hulle kos (bv pap) voor wat die kinders in Kusamala eet. As hul dit geproe het, kry hul 'n sticker.

2. Maak vir die kinders in Kusamala 'n kaartjie/skryf 'n boodskap om hulle te bemoedig.

3. Lees by hierdie stasie vir die kinders enige sending storie wat jy kan kry.

4. Bid vir die kinders by Kusamala, Mosambiek en enige ander gebedsversoeke van jul gemeente. Skryf dit op die agterblad dat die kinders dit kan onthou en by die huis aanhou bid.

Na elke stasie se voltooiing, kry hul 'n sticker.

Indien jou groep baie groot is, deel hul op in groepe dat elke groep elke keer by 'n ander stasie is. Hou aan totdat almal elke stasie voltooi het en al 4 stickers het.

Voorblad:

REPUBLIEK VAN KIX



REPUBLIQUE D'KIX

PASPOORT
PASSEPORT

Agterkant van voorblad:

REPUBLIEK VAN **KIX**

REPUBLIQUE **D'KIX**

PASPOORT NO No DU PASSEPORT

Foto:

33557211

Naam:

Datum:

Regs van vlag blad:

(sticker vir elke stasie voltooi)

1. Eet kos:
2. Kaartjie vir kids
3. Sending storie
4. Bid

Agterblad

(vul in jul sendelinge, kerk, maats se gebedversoeke)

Gebedversoeke:

1.
2.
3.
4.
5.
6.
7.
8.
9.
10.

Les 6: Aktiwiteit (bl 12)



Aktiwiteit: Laat die kinders hulle vingers op 'n 'inkpad' druk en op 'n groot wit karton druk wat jy na die tyd kan ophang. Niemand kan namens iemand anders kom nie. Jou vingerafdruk is uniek

Hier is voorbeelde van wat jy met vingerafdruk kuns kan doen. (kyk op die internet na 'fingerprint art' vir nog voorbeelde)